Fokus op God!
Ds. Willem Louw: NGK Miederpark

Inleiding

Het jy ook ’n honger en dors vir die vuur van geestelike herlewing in jou hart?
Die geskiedenis het bewys dat mense wat bely dat hulle in geestelike nood is en God se hulp inroep, dikwels die Vader hart van God aanraak. Herlewings breek dan ook dikwels uit waar dit juis nie goed gaan nie, waar ons in die nood is en dit erken en om hulp uitroep voor God! Dikwels ontmoet God ons juis in ’n oomblik van moedeloosheid, verslaentheid en gebrokenheid.

Ek wil u terugneem in die geskiedenis na die 12de eeu voor Christus. Die Israeliete was ongehoorsaam aan die Here. Die Here het hulle daarom sewe jaar lank oorgegee in die mag van die **Midianiete**. Die verhaal wat ons gaan lees, vertel dat dit ellendig swaar gegaan het met die Israeliete. Hulle land is gestroop en verinneweer deur die Midianiete. Die Israeliete het in vrees gelewe. Hulle het weggekruip in die berge in grotte. Hulle het die bietjie koring wat hulle gehad het die berg in gedra en in parskuipe gaan uitwan. Plekke waar jy druiwe sou uittrap vir wyn, moes nou gebruik word om in die geheim die koring uit te wan. Dit kon nie meer op die vlaktes op die dorsvloer langs die landerye gedoen word nie. Gideon was een van die manne wat vir die Midianiete weggekruip het. Hy was lam van vrees vir die Midianiete.

- **Lees die verhaal in: Rig.6:11-17,21-22a,34**

1. God ken jou

- **Wat het die engel vir Gideon genoem?** “Dapper man”
- **Was Gideon ’n dapper man?** Nee beslis nie. Wel, nie op hierdie stadium van sy lewe nie! Hy het dan weggekruip vir die vyand!
- **Hoe het Gideon gevoel?** Hy was depressief en vol selfbejammering. Hy voel die Here het hom in die steek gelaat! Hy is kwaad en gefrustreerd teenoor God. Hy voel die Here het hulle oorgegee aan die Midianiete!
- **Hoe het Gideon oor homself gedink?** Hy het ’n ***baie lae selfbeeld*** gehad. Hy het geglo hy kan geen verskil aan hierdie situasie maak nie. Hy weet die familie waaraan hy behoort is die armste in die hele Manasse. <u>Dus het hy nie geld om ’n verskil te maak nie.</u> Boonop sê hy het hy van al sy pa se kinders, die minste aansien! Dus reken hy, hy is só minderwaardig dat <u>hy nie eers invloed in sy eie huisgesin het nie</u>, wat nog te sê in Israel!

- **Hoe op aarde kon die engel Gideon ’n dapper man noem?** Die engel moes tog van al die dinge geweet het! Hoe op aarde kan die engel vir Gideon tussen al die ander invloedryke mense uitkies en ’n afspraak met hom maak en hom vertrou om die volk van Israel te bevry!

Die engel van God het die goddelike potensiaal wat God reeds in Gideon ingeënt het, besef. Gideon moes dit nog ontdek en word wat God bedoel het hy moes wees. Die engel het letterlik net vir Gideon kom bewus maak van die potensiaal wat God reeds in hom ingeplant het.

Getuienis: God Ken jou behoeftes

Ek het hierdie week weer oopmond gesit en luister na die getuienis van ’n vroutjie. Sy vertel hoe sy verlede Sondagoggend met ’n stukkende lewe na die kerk gekom het. Sy het die aand vooraf gesê Here as u lewe, moet u môre oggend vir my in die erediens ontmoet. Sy was aan flarde en het haar laaste energie bymekaargeskraap om na die oggenddiens te kom. Sy vertel toe sy in die oggenddiens instap het sy bewus geword van God se teenwoordigheid! Sy het sy vrede onmiddellik beleef. Asof God haar in liefde omvou. Toe die boodskap begin, vertel sy het sy gevoel God praat met haar persoonlik. Sy het na die diens my kom sien en ’n afspraak gemaak. Die volgende oggend was sy benoud. Sy het nie kans gesien om haar lewe te ontbloot nie. Sy het vol vrees na die pastorie gery. Sy vertel my daardie oggend toe sy voor die voordeur staan om die klokkie te lui, het God haar net daar voor die deur ontmoet. Sy kon Sy warmte en liefde ervaar. Sy het vrede en troos by Hom gevind. Sy het geweet sy is op die regte plek op die regte tyd en God het haar by die hand geneem en ingelei toe die deur oopgemaak word.

Waarom vertel ek dit vir U? Ek vertel dit vir jou sodat jy kan weet, **God is ’n lewende almagtige God en Hy ken jou omstandighede persoonlik.** Dieselfde God wat vir Gideon ontmoet het, ontmoet vandag nog sy kinders wat in nood is.

2. Gideon het op sy omstandighede gefokus

Gideon het na die praktiese omstandighede rondom hom gekyk. Hy sien Midianiete wat die land jaarliks kom stroop en hul getal is so oorweldigend baie soos swerms sprinkane wat mens nie kan tel nie! Hy sien armoede en hy sien vrees in die oë van sy volksgenote. Hy sien ’n vernietigde en versplinterde Israeliese volk wat wegkruip in die berge, sonder selfvertroue, sonder plan, sonder hoop. Die ergste is hy voel self so.

- **Hy voel God het hulle verlaat.** ***Hy beleef net mooi die teenoorgestelde as wat die engel vir hom kom sê!*** Daarom antwoord hy die engel: *“Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons?”*
- **Negatiewe gedagtes:** Kyk wat gebeur met jou gedagtes as jy op die negatiewe fokus bv. wanneer jy by die werk met jou kollegas probleme optel. **Jou gedagtes word ure lank besig gehou. Jy dink in sirkels.** Jy dink kort-kort aan nog iets wat die ou gesê of gedoen het. Dan praat jy weer van

vooraf oor die probleem. Jy loop en "top" heel dag oor die saak. Dit versuur later alle verhoudinge. Selfs die mense by jou huis word later daardeur beïnvloed. Jy kry die probleem nie opgelos, jy sien net al meer probleme rondom jou raak!

- **Wanneer jy op jou omstandighede fokus gaan jy nooit God se almag raaksien nie** en nooit bewus word wat God se PLAN met jou lewe binne jou huidige omstandighede is nie! Jy sal dan ook nooit God se almag beleef nie!
- **Dawid verslaan die reus Goliat.** Hy kon na die reus stap en na die omstandighede kyk, die groot reus sien en bang raak en sê die reus gaan my doodmaak hy is te groot vir my, of hy kan na God kyk, en aan God se uitkoms dink en sê die reus is so groot ek kan hom nie mis nie**!**

3. Fokus op God

- **Wanneer die proteas krieket speel fokus elke speler op die veld net op een ding. Hulle fokus op die bal.** Hulle kyk nie rond na die skare terwyl die bouler boul nie. Jy kan nie 'n krieketwedstryd wen as jy na die skare kyk nie!
- **Dit is belangrik dat jy op God fokus eerder as op jou omstandighede.** Net soos die Here by Gideon was, so is Hy ook vandag by jou! Jy kan dalk op hierdie oomblik nie vir God in jou omstandighede sien nie, maar God weet presies wat jou omstandighede is. God wil jou graag help, maar jy sien Hom nie raak nie. Hy pas nie eers op die oomblik in by jou planne nie!
- **Jy moet weet dit is Satan se "truuk" om jou aandag van God weg te lei. Fokus op God.**
  - Wanneer jy sonlig deur 'n vergrootglas fokus, kan jy 'n vuur aan die brand steek. Wanneer jy op God fokus en Sy Gees deur jou werk, kan God jou gebruik om 'n vuur van herlewing aan te steek!
- **Het jy al opgelet hoe die wêreld jou aandag vasgryp en verstengel?** Wat doen jy as jy frustrasie beleef, kwaad is, of sommer net af voel? Gaan jy na God met jou probleme? Nee, ons doen dit selde. Wat doen ons dan?
  Voorbeelde:
  Televisie: Ek gesels die week met 'n vrou. Sy vertel my dat as die omstandighede vir haar te veel raak en sy nie meer by haar huis kan "cope" nie, dan gaan lê sy voor die TV en kyk ure lank na al die sepies en ander mooi dinge. Dan sluit sy haar af en vergeet van alles rondom haar. Dan kan alles maar om haar vergaan.
  Rekenaar speletjies: 'n Ander gesin vertel my dat hulle ure rekenaar speletjies speel. Hulle speel oor die internet "games" waarin hulle saam veg teen mekaar. Daar is opsigself nie 'n probleem met die goed nie, maar in baie gevalle het dit 'n manier geword om van die werklikheid weg te vlug. Dit neem ure van ons tyd in beslag. Dikwels het ons spanning in ons huis, is verhoudinge oorhoops, sukkel ons om ons akademie deur te

kom, is ons onder werksdruk, maar ons sit vasgenael voor die rekenaar speletjies. Waarom? Ons gebruik dit om te ontspan en ons aandag af te lei en word later aan die gewoonte verslaaf!

Novelle: Sommige mense se huwelike is oorhoops, en dan vlug hulle met hul seer na liefdesverhale deur ure lank novelle te lees en so in 'n denkbeeldige wêreld te ontvlug. Hulle word later verslaaf aan die lees van novelle.

- Daar is niks mee verkeerd om 'n bietjie te ontspan en jou woede af te koel voordat jy 'n probleem oplos nie, maar **baie van ons word so vasgevang in die wêreld dat ons nooit met ons probleme by God uitkom en op Hom fokus nie!**

  - **Staan op uit jou vodde en begin leef in God se krag!**
  - **Word wat God bedoel het jy moet wees!**

- **Die oomblik dat jy op God fokus, verdwyn al die probleme rondom jou. Toe Petrus op die water geloop het**, het hy op die uitnodiging van Jesus gereageer. Hy het 'n begeerte gehad om na Jesus op die water te loop. Hy het vir 'n oomblik vergeet van die sterk wind en die reuse golwe wat hul heel nag geteister het. Hy was nie meer bang nie. Hy het nie meer gedink Jesus is 'n spook nie. Hy het op Jesus gefokus. Hy het presies gehoor toe Jesus hom nooi om op die water te loop. Hy het op Jesus gefokus en op Sy Woord geloop. Hy het nie op die water gefokus nie. **Hy het op Jesus se Woord geloop**. **Jesus kan jou enige plek op Sy Woord laat loop as jy op hom fokus.** Toe Petrus egter sy fokus van Jesus afhaal en sy fokus op die omstandighede rondom hom plaas, die ruwe golwe, het hy begin twyfel en gesink (Mt.14:22-33).
- **Moses het verstaan wat dit is om op God te fokus.** Hy het alleen die berg opgeklim en vir veertig dae en nagte op God gefokus (**Eks 24**). Die volk het egter nie op God gefokus nie maar op hul omstandighede en 'n bulkalf gemaak om te aanbid. Dit was 'n ramp. Moses het hierna 'n keuse gehad. Hy kon op die ramp fokus of hy kon op God fokus. Hy het toe 'n tent geneem en dit ver buitekant die kamp opgeslaan. *Hy het dit die tent van ontmoeting genoem.* ***Elkeen wat na die wil van die Here wou vra, het na die tent van ontmoeting buite die kamp gegaan***."(**Eks.33**) Elke keer wanneer Moses na die tent stap om op God te fokus, het God in 'n wolkkolom afgekom om hom te ontmoet. Dan het die hele volk by die ingang van hul tente gestaan en aandagtig gekyk hoe God vir Moses ontmoet. **Die Here het daar direk met Moses gepraat soos 'n man met sy**

vriend, want God het Moses se volle aandag gehad. Moses het besef dat God die heel belangrikste in sy lewe is. Daarom sê hy vir God: "*As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie."*

- **Hoeveel tyd en moeite doen jy tans om op God te fokus?** Hoe lyk jou binnekamer ontmoetings met God? Verstaan jy waarom Moses God se stem só duidelik kon hoor? Verstaan jy waarom God Moses só kragtig kon gebruik?

Nog voorbeelde:

i. **Josafat:** Koning Josafat was is 'n voorbeeld van 'n man wat God lief gehad en gedien het. Op 'n dag het 'n klomp konings kragte saamgespan om koning Josafat te verslaan (die Moabiete, Ammoniete en Meüniete). **Josafat het 'n keuse gehad. Hy kon of meer soldate soek, of hy kon op God fokus.** Josafat het hulp by die Here gaan soek. Hy het 'n vasdag in die hele Juda uitgeroep. Almal het bymekaar gekom om die hulp van die Here te soek. Daardie dag het hy gebid: *"Ons weet nie wat om te doen nie.* ***Ons oë is op U gerig****"* (**2Kron.20:12**). Toe het die Gees van die Here deur die Leviet Jagasiël gespreek. ***"Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle."*** Die volk het net gebid en gesing. Die Here het die leërs verwar en onderling laat veg en hulle het mekaar uitgeroei. Hulle het mekaar uitgewis. Josafat se manne het drie dae lank buit bymekaar gemaak. Op die vierde dag het hulle die Here geloof en die plek Lofdal genoem.
As jy op God fokus, en nie op jou omstandighede nie, sal Hy die stryd vir jou stry en jou krisis sal 'n lofprysingsfees word. Wat is jou stryd? Fokus jy op jou omstandighede of op God? **God neem oor as jy Hom ernstig soek!**

ii. **Elisa** was 'n man wat naby God geleef het. **Op 'n dag was Elisa en sy slaaf vasgevang in uiters gevaarlike omstandighede**. Die vyandige leër van koning Aram het hom en sy slaaf in Dotan omsingel. Die leër wou hom gevange neem. **Elisa se slaaf staan daardie oggend op en toe hy uitgaan sien hy die leer rondom die stad. Paniek het hom oorval**. "*Ag meneer*!" roep hy uit. "*wat gaan ons nou doen?"* **Elisa het 'n keuse gehad. Hy kon op die vyand fokus of op God.** Hy kies om op God se almag te fokus. ***Hy het sy slaaf geantwoord:*** *"moenie bang wees nie, die wat by ons is, is meer as wat hulle is." Elisa het gebid: "****Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien.****" Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge*

rondom Elisa was vol strydwaens van vuur" **2Kon.6:16-17** Waar kom die massas perde en strydwaens van vuur wat die berge rondom die vyand bedek het so skielik vandaan? Wie het dit gestuur? Dit was God se leërmag. **As Elisa nie op God gefokus het nie sou sy slaaf nooit besef het hoe magtig God is en dat God gereed was om hulle te bevry nie**…

Kind van God. Een van die kosbaarste lesse is: "jy moet op God fokus en nie op jou omstandighede nie." God stuur deurbrake juis daar waar dit die onmoontlikste lyk. ***God stuur geestelike herlewing juis daar waar mense se geestelike nood die grootste is en hulle dit uit roep en uit smeek voor God***.

3. God is groter as wat jy dink

Wanneer jy 'n ligstraal deur 'n prisma fokus, kom jy eers agter watter pragtige verskillende kleure opgesluit lê in daardie ligstraal. **Ons sal eers God se almag ontdek en leer ken wanneer ons op Hom fokus.**

Wat is daar in jou lewe waarvoor jy te staan gekom het, wat groter as jy is, wat jy nie in eie krag kan aanpak nie? Is daar iets waarvoor God jou geroep het wat jy net eenvoudig voel jy kan nie hanteer nie?

i. In **2 Kon.3** lees ons van 'n oorlog waarin die konings van Israel, Juda, en Edom saam opgeruk om die koning van Moab aan te val. Toe raak hulle water op in die woestyn. Dis 'n aangrypende verhaal om te lees en te sien **hoe die Here deur die profeet Elisa aankondig dat die hele vlakte die volgende dag vol water sal staan sonder dat daar wind of reën was**. Dan staan die woorde daar: *"Vir die Here is dit maar iets gerings om te doen, Hy sal ook vir Moab in julle mag oorgee"* ***2Kon.3:18***

- **Ek en jy kan so maklik God se almag onderskat en God reduseer tot ons klein denkwêreldjie!**

Terug by Gideon. Gideon het nie groter geloof en meer krag nodig gehad nie. Die Here het hom bloot daaraan herinner dat hy reeds God se krag in hom het; *"Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete! Toe Ek stuur jou!"* **Rig.6:14.**

Vraag: Waarom moet God vir jou nuwe krag gee as jy die krag wat God reeds tot jou beskikking gestel het nie vir God gebruik nie?

- **God het 'n pa nodig** wat sal opstaan soos Josua en sê: Ek en my huis sal die Here dien (Jos.24:15)

- **God het ’n seun nodig** wat nie bang is nie en soos die verlore seun sal omdraai en na sy Pa toe teruggaan en bely: Pa ek het gesondig teen Pa en teen God. (Luk.15)
- **God het ’n vrou nodig** soos die Samaritaanse vrou wat ’n hele dorp na God sal lei (Joh.4)
- **God het ’n gemeente nodig** wat soos Israel onder Josafat, soos een man al die vreemde gode tussen hulle sal verwyder en hul by hernuwing aan God toewy (Jos.24:21-23).

Elisa, Dawid en Josafat was manne van God. Hulle het in God se almag geglo. Ek het geleer waarom God hulle so kragtig gebruik het:

1. As jy in God se almag glo, moet jy **toelaat dat God jou en alles wat jy besit onvoorwaardelik gebruik** *(oorgawe).*
2. As jy in God se almag glo moet jy **dit openlik sê** *(getuig).*
3. As jy in God se almag glo **sal jou hele lewe net rondom God draai**. (*toewyding)*
4. As jy in God se almag glo **sal jy al jou bekommernisse en behoeftes vir Hom weggee** *(vertroue).*
5. As jy in God se almag glo **sal jy Hom raadpleeg elke keer voordat jy iets doen!** *(gebedsverhouding) (vgl. 2Kron.18:4(b) en Ps.53:3)*

4. God verander alles!

Wanneer die Gees van God beheer oorneem in ons lewe, verander Hy alles:

Kom ons kyk net wat verander God alles in ons wanneer Hy beheer oorneem. ***Hoe is dit moontlik dat dieselfde ellendige papbroekige Gideon oornag kon verander in ’n dapper volksheld?*** Die antwoord staan in **Rig.6:34** *“Die Gees van die Here het vir Gideon in besit geneem, en hy het die ramshoring geblaas en die Abiësriete opgeroep om hom te volg”*

Jesus leer ons in **Joh.15:5** Hy moet in ons bly en ons in Hom. Jesus sê: *”Sonder My kan julle niks doen nie”*

Wanneer God beheer oorneem verander alles:

- **Jou denke** (Rom.12:2), om soos God te dink. **Rom.12:2** sê *“Laat God julle verander deur julle **denke** (verstand) te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”*
- **Jou visie:** (Rig.6:25 God gee vir Gideon ’n nuwe visie. Hy verbreek die tradisie van offers aan Baäl en kies om vir God bo-op die Baäl altaar te offer)

- **Jou natuur:** (Rig.6:34 Die Gees neem beheer oor in Gideon. (Rom.8:8,13-14) Sy ou natuur word vervang met ’n Goddelike natuur,
- **Jou karakter:** (Gideon se vreesagtigheid word vervang met dapperheid. God se Gees vervang (Rom.6:13) ons karakter met ’n begeerte om Sy wil te doen,
- **Jou vermoëns:** word vervang met God se vermoëns (Ef.1:19),
- **Jou gedrag:** word vervang met God se gedrag (Gal.5:22-25).

Wanneer God jou verander, verander die wêreld ook rondom jou:

Niks kan meer dieselfde bly as God beheer oorneem nie.

- Toe God **Gideon** se hart verander het, het Israel se omstandighede het onmiddellik verander. God het hulle verlos van die juk van die Midianiete.
- Die dag toe **Saulus** vir God op die Damaskus pad ontmoet, is sy lewe nie alleen omgedop nie. God het die hele wêreld verander so ver hy loop en preek het!

- **As die wêreld rondom ons nie verander nie, is daar net een rede**. Ons het nog nie toegelaat dat God ons verander nie.
  Fokus op God. Roep Hom aan... en vra Hom vandag om jou lewe om te dop!

Amen